# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 27

Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?


Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is.

## Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee,




Matteus 3:11: Ek doop julle wel met water met die oog op bekering, maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, en ek is nie eers werd om sy sandale vir Hom aan te dra nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.

Efesiërs 5:26: sodat Hy haar kon heilig, deurdat Hy haar gereinig het deur die was met water en die woord

1 Petrus 3:21: Die doop, wat 'n teenbeeld hiervan is, red ook julle nou. Die doop dien nie as 'n verwydering van die vuilheid van die liggaam nie, maar as 'n smeekgebed tot God om 'n skoon gewete,

# Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.




1 Korintiërs 6:11: So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

1 Johannes 1:7: maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde

**Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?**

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem.




1 Korintiërs 6:11: So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

Openbaring 1:5: en van Jesus Christus, die betroubare getuie, die Eersgeborene uit die dood en die heerser oor die konings van die aarde. Aan Hom wat ons liefhet, en ons deur sy bloed van ons sondes verlos het

Openbaring 7:14: Ek het hom geantwoord: "Meneer, u is die een wat weet." En hy het vir my gesê: "Dit is die mense wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle lang stolas gewas, en wit gemaak in die bloed van die Lam.

**Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?**

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.




Markus 16:16: Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal verlos word; maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word.

Galasiërs 3:27: want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos 'n kleed aangetrek.

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?


Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is.



Genesis 17:7: Ek sal my verbond tussen My en jou en jou nageslag ná jou handhaaf, deur hulle geslagte heen, as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?


Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes



Matteus 19:14: Jesus het egter gesê: "Laat die kindertjies begaan, en moet hulle nie langer verhinder om na My te kom nie, want die koninkryk van die hemele behoort aan mense soos hulle."

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie.



Psalm 22:11: Op U is ek aangewese van die moederskoot af; van my geboorte af is U my God.


Jesaja 44:1–3: "Maar luister nou, Jakob, my dienaar, Israel, wat Ek uitgekies het." So sê die HERE, wat jou gemaak, jou in die moederskoot al gevorm het, wat jou help: "Moenie bang wees nie, my dienskneg Jakob, ja, Jesurun, wat Ek uitgekies het. Want Ek sal water uitgiet op dorre aarde, waterstrome op droë grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou nageslag, en my seën op jou nakomelinge.

Lukas 1:15: Inderdaad, hy sal groot wees in die oë van die Here. Hy sal glad nie wyn en gegiste drank drink nie, en hy sal reeds van voor sy geboorte af met die Heilige Gees vervul wees.

Handelinge 2:39: Want die belofte is bedoel vir julle, en ook vir julle kinders, en vir almal daar ver, almal wat die Here ons God na Hom toe roep

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word.




Handelinge 10:47: "Niemand kan tog verhinder dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, met water gedoop word nie?"

Heidelbergse Kategismus Sondag: 27

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?


Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen



Genesis 17:14: 'n Onbesnede manlike persoon wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie – daardie persoon moet van sy mense afgesny word; my verbond het hy verbreek."

# Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is.



Kolossense 2:11–13: In Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis deur mensehande nie, maar deur die besnydenis van Christus, waardeur julle sondige bestaan weggeneem is. Omdat julle in die doop saam met Hom begrawe is, is julle ook saam met Hom opgewek deur die geloof in die krag van God, wat Hom uit die dood opgewek het. Ja, toe julle dood was as gevolg van julle oortredings, en julle sondige aard nog nie weggesny was nie, het Hy julle saam met Hom lewend gemaak, deurdat Hy al ons oortredings vergewe het.

## SONDAG: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 72

Vraag: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee, [1] want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes[2].

1 Matteus 3:11: Efesiërs 5:26: 1 Petrus 3:21
2 1 Korintiërs 6:11: 1 Johannes 1:7

## SONDAG: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 73

Vraag: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem[1]. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word[2].

1 1 Korintiërs 6:11: Openbaring 1:5: Openbaring 7:14
2 Markus 16:16: Galasiërs 3:27

## SONDAG: 27 - VRAAG EN ANTWOORD: 74

Vraag: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is[1]. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes[2] en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie[3]. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word[4]. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen[5] in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is[6].

1 Genesis 17:7
2 Matteus 19:14:
3 Psalm 22:11: Jesaja 44:1–3: Lukas 1:15: Handelinge 2:39
4 Handelinge 10:47
5 Genesis 17:14
6 Kolossense 2:11–13

# Kopiereg

© 2026